# Ek was 'n vreemdeling ...



bybelgenootskap
van suid-afrika

## … en julle het My gehuisves

Matteus 25:35b

Vreemdelinge en vlugtelinge op soek na 'n beter tuiste is vandag algemeen in Suid-Afrika. Meestal word hulle lewens gekenmerk deur verlies, verwerping en selfs geweld. Besorgdheid oor die lot van vlugtelinge en immigrante loop egter diep in die Bybel.

## Ons is almal vreemdelinge

In Hebreërs lees ons dat mense "hier op aarde slegs vreemdelinge en bywoners is" en as sulks op reis is na 'n "beter vaderland" (Hebreërs 11:13b,16a). Die reis begin by Adam en Eva wat uit die paradys verjaag is om op 'n vreemde plek 'n nuwe begin te maak.

Daarom het die Here God die mens weggestuur uit die tuin van Eden uit om die aarde te gaan bewerk, die aarde waaruit hy gemaak is.
Genesis 3:23

Daarna is Abram uit Ur geroep om 'n nuwe land te bewoon.

"Trek uit jou land uit,
weg van jou mense en jou familie af
na die land toe
    wat Ek vir jou sal aanwys."
Genesis 12:1

Josef word as slaaf in Egipte verkoop en vier honderd jaar later swerf sy nasate deur die woestyn na 'n nuwe land waar hulle gereeld aan hulle status as vreemdelinge herinner word.

"Jy moet dan in die teenwoordigheid van die Here jou God sê: 'My vader was 'n Arameër wat van plek tot plek getrek het.' " Deuteronomium 26:5a

## Jesus was self ’n vreemdeling

Baie eeu later onderneem Jesus die reis van die hemel na die aarde, maar daar was nie plek vir Hom nie. Hy is deur sy volgelinge verlaat en deur sy eie mense gekruisig.

Jesus sê vir hom: “Jakkalse het gate en voëls het neste, maar die Seun van die mens het nie eens ’n rusplek vir sy kop nie.” Matteus 8:20

Hulle het Hom eenparig veroordeel: “Hy verdien die dood!” Markus 14:64b

## Wat sê die Bybel oor die behandeling van vreemdelinge?

Dwarsdeur die Ou en die Nuwe Testament lees ons dat God die God van alle nasies is. Die tema van reg en geregtigheid en omgee vir die uitgeworpenes loop soos ’n goue draad deur die Bybel. Trouens, God se Wet sê:

“Wanneer daar ’n vreemdeling by julle in julle land woon, mag julle hom nie onderdruk nie. Julle moet hom soos ’n medeburger behandel en hom liefhê soos julleself. Julle was immers self ook vreemdelinge in Egipte.”
Levitikus 19:33-34

Paulus verseker ons van God se liefde ongeag wat met ons gebeur:

Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. Romeine 8:37

***Alle Skrifgedeeltes geneem uit die Afrikaans 1983-vertaling.**

# God belowe uitkoms aan elkeen wat ontuis is in hierdie wêreld

Dit is die Here
wat Jerusalem weer opbou,
wat die verstrooides van Israel
bymekaarbring.
Hy genees die gebrokenes van hart
en verbind hulle wonde.
Psalm 147:2-3

God is vir ons ʼn toevlug
en ʼn beskerming; …
Psalm 46:2a

Maar U is by my, Here,
en U is magtig en sterk:
dit is dié wat my vervolg, wat sal val;
hulle sal nie wen nie.
Jeremia 20:11a

Gisteraand was daar nog trane
en vanmôre lag ek al weer.
Psalm 30:6b

Uitgegee en versprei deur die
Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
**www.bybelgenootskap.co.za**

BibleSA.co.za
BibleSA
Bybels en Oudiobybels is op die **BibleSA-app** beskikbaar.